Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 11

NOVEMBER 2011

BESIGHEIDSTUDIES

PUNTE: **300**

TYD: **3 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees die volgende instruksies sorgvuldig deur voordat die vrae beantwoord word.

2. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek al die leeruitkomste:

   AFDELING A VERPLIGTEND
   AFDELING B Bestaan uit DRIE VERPLIGTE vrae.
   AFDELING C Bestaan uit VIER vrae. Beantwoord enige TWEE van die vier vrae.

3. Neem die gegewe tydstoekenning vir elke vraag in ag wanneer die vrae beantwoord word.

4. Lees die instruksies vir elke vraag noukeurig deur en beantwoord slegs wat vereis word.

5. Nommer die antwoorde noukeurig volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

6. Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne beantwoord word.

7. Gebruik die puntetoekenning en die aard van elke vraag om die lengte van jou antwoord vas te stel.

8. Begin die antwoord van elke vraag op ŉ nuwe bladsy, byvoorbeeld: VRAAG 2 – Nuwe bladsy, VRAAG 3 – Nuwe bladsy, ens.

9. Gebruik die tabel hieronder as ŉ riglyn vir punte en tydstoekenning wanneer elke vraag beantwoord word:

VRAAG	AFDELING	PUNTE	TYD
1	**AFDELING A:** Meervoudigekeuse-vrae, Waar of Onwaar, Pas-items (**Verpligtend**)	40	30 minute
2	**AFDELING B:** Drie vrae (**Verpligtend**)	60	30 minute
3		60	30 minute
4		60	30 minute
5	**AFDELING C:** Opsteltipe-vrae Beantwoord TWEE van die VIER vrae.	40	30 minute
6		40	30 minute
7		40	30 minute
8		40	30 minute
	TOTAAL	**300**	**180 minute**

AFDELING A: VERPLIGTEND

VRAAG 1

1.1 Vier moontlike opsies word as antwoorde vir die volgende vrae verskaf. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (1.1.1 – 1.1.10) in die antwoordeboek neer, byvoorbeeld 1.1.11 D.

1.1.1 Dit is wanneer ŉ eienaar sal poog om vir ŉ hoeveelheid effens bo die gelykbreekpunt te mik om te verseker dat ŉ wins gemaak word.

A Gelykbreekontleding
B Veranderlike koste
C Vaste koste
D Veiligheidsgrens (2)

1.1.2 Die uitdagings van die mark-omgewing sluit in:

A Swak gehalte produkte
B Politieke veranderinge
C Verbruikersvraag
D Stakings (2)

1.1.3 Verkoopspromosie vind plaas wanneer ...

A die besigheid gunstige publisiteit ontvang.
B pryse van goedere verhoog word.
C produkte teen ŉ groot volume geproduseer word.
D gratis produk-monsters aan verbruikers gegee word. (2)

1.1.4 Dit is ŉ kontrak waar grond of eiendom deur die eienaar aan ŉ huurder vir bepaalde tyd verhuur word:

A Konsessiegewing (Franchising)
B Uitkontraktering
C Besigheidsplan
D Bruikhuur (2)

1.1.5 Dit is die ontwikkeling van wêreldmarkte:

A Ontslag
B Aanpassing
C Werkloosheid
D Globalisering (2)

1.1.6 Kenmerke van ʼn suksesvolle span sluit ... in.

A die hou van vergaderings twee keer ʼn maand
B duidelike rolle en verantwoordelikhede
C die fokus op kwalifikasies van lede
D die ontslae-raak van lede wat swak presteer (2)

1.1.7 Lidmaatskap in ʼn private maatskappy is beperk tot ʼn maksimum van …

A 20
B 7
C 10
D 50 (2)

1.1.8 Dit is die proses om te verseker dat standaarde wat in die beplanningsproses neergelê is, nagekom is:

A Gehaltebeheer
B Veiligheidsbestuur
C Produksiebeplanning
D Produksiesektore (2)

1.1.9 … word geklassifiseer onder die primêre sektor.

A Bosbou
B Finansiering
C Vervaardiging
D Vervoer (2)

1.1.10 Hierdie soort verpakking word vir duur produkte soos diamantringe gebruik:

A Kaleidoskopiese
B Meervoudige/Kombinasie
C Hergebruik
D Spesialiteit (2)

1.2 Kies 'n term in KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A – H) langs die vraagnommer (1.2.1 – 1.2.5) op die antwoordeboek neer, byvoorbeeld 1.2.6 J

	KOLOM A		KOLOM B
1.2.1	Mpoke-ingenieurs borg die plaaslike netbaltoernooi in Mount Fletcher	A	Remediërende instandhouding
1.2.2	Maatskappye soos Kentucky Fried Chicken en Wimpy maak staat op entrepreneurs om die takke van die kitskos-afsetpunte te bestuur	B	Onderbroke produksie
1.2.3	Bestaan waar 'n groep mense dieselfde doelwitte en verantwoordelikhede deel	C	Etiek
1.2.4	Dit is koste wat konstant bly. Dit bly dieselfde selfs al vermeerder of verminder die produksie	D	Sosiale verantwoordelikheid
1.2.5	Herstelwerk as masjinerie breek	E	Franchise
		F	Spanwerk
		G	Uitkontraktering
		H	Vaste koste

(5x2) (10)

1.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs "Waar" of "Onwaar" langs die vraagnommer (1.3.1 – 1.3.5) in die antwoordeboek neer.

1.3.1 Reeksproduksie/Bondelproduksie is die produksie van goedere in groot hoeveelhede. (2)

1.3.2 Die besigheid het volledige beheer oor die mikro-omgewing. (2)

1.3.3 Die geografies verspreide mark is 'n rede vir direkte verspreiding deur vervaardigers. (2)

1.3.4 'n Sakeplan is 'n logiese vorming van idees in 'n realistiese plan. (2)

1.3.5 Verkoopspromosie behels persoon tot persoon of van aangesig tot aangesig kontak met die potensiële klant. (2)

[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B: VERPLIGTEND

VRAAG 2

2.1 ʼn Inkomstestaat word gedoen om te bepaal of jou besigheid lewensvatbaar sal wees of nie. Dit dui aan hoeveel wins om te verwag deur al jou inkomste en uitgawes oor ʼn spesifieke periode/tyd aan te toon.

INSTRUKSIES

Voltooi die Inkomstestaat van Siza Hardeware vir die maand geëindig op 30 Junie 2011, deur gebruik te maak van die volgende inligting:

Verkope R40 000, lone R50 000, Advertensie R30 000, Telefoon R1 500, Koste van verkope R20 000, Elektrisiteit R1 500 (20)

2.2 Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat volg:

BUITENSPORIGE WINSTE!

Vir enige maatskappy, is dit ʼn groot uitdaging en ʼn wonderlike prestasie om ʼn goeie wins te maak. In Telkom se geval, egter, is dit ʼn skande.

Eerstens, Telkom is ʼn monopolie, so daar is geen mededingers nie. As niemand toegelaat word om teen jou te kompeteer nie, is wen ook geen groot prestasie nie.

Tweedens, die meeste van Telkom se aandele behoort aan die Staat, en ons almal weet hoe baie deure sal oopgaan vir jou!

Derdens, Telkom se tariewe is onder die hoogste in die wêreld. So die groot wins is geen verrassing nie – die verbruiker het daarvoor betaal.

Ten slotte, aan almal wat Telkom-aandele gekoop het toe dit nog goedkoop was, sou ek graag daarop wou wys dat hul groot winste ten koste van die arme dwase, wat die buitensporige telefoontariewe moet betaal, gemaak is.

Bron*: Financial Mail, Junie 2010*

2.2.1 Definieer die woord *wins*. (2)

2.2.2 Verduidelik hoe besighede wins maak. (4)

2.2.3 Verduidelik waarom die skrywer dink dat Telkom se winste ʼn "skande" is. (4x2) (8)

2.2.4 Wat is ʼn *monopolie*? (2)

2.2.5 Bespreek die implikasie van ʼn monopolie wanneer gesê word: "..., die meeste van Telkom se aandele behoort aan die Staat". (2)

2.3 Mnr. Hoffman sal moet besluit of hy ʼn onderneming van nuuts af sal begin of om vas te stel om ʼn bestaande besigheid te koop.

Verduidelik enige VIER voordele om ʼn bestaande besigheid te koop. (4x2) (8)

2.4 Identifiseer VYF voordele van ʼn vennootskap. (5x2) (10)

2.5 Die kleinhandelaar is die laaste skakel tussen die groothandelaar en die verbruiker. Die klante van die kleinhandelaar is die algemene publiek.

Noem enige TWEE soorte kleinhandelaars. (2x2) (4)

[60]

VRAAG 3

3.1 In ʼn poging om Suid-Afrikaanse goedere te bevorder, is ʼn "Trots Suid-Afrikaans"-slagspreuk en logo's/merkteken soos ʼn handelsmerkstrategie vir die plaaslike produkte en dienste wat uniek Suid-Afrikaans is, van stapel gestuur.

3.1.1 Identifiseer enige DRIE elemente van handelsmerke. (3x2) (6)

3.1.2 Lys enige VYF voordele van handelsmerke. (5x2) (10)

3.2 Stel enige VYF voordele van buitelandse bemarking voor. (5x2) (10)

3.3 Bespreek enige VYF verskillende vorme van verpakking. 5+(5x2) (15)

3.4 Besighede word beskou as goeie burgers, net soos individue. Goeie burgers is barmhartig en werk saam om die samelewing vir almal te verbeter.

Bespreek VYF maniere waarop besighede met die welstand van hul werknemers en gemeenskappe betrokke kan raak. (5x2) (10)

3.5 3.5.1 Wie is verantwoordelik om te monitor dat fabrieke voldoen aan die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid? (1)

3.5.2 Verduidelik VIER veiligheid- en gesondheidsmaatreëls wat geïmplementeer kan word om fabriekswerkers te beskerm. (4x2) (8)

[60]

VRAAG 4

4.1 Sipho vervaardig nagemaakte parfuum. Die verpakking, handelsname en logo's/merkteken lyk soos die oorspronklike produkte. Hy verkoop die parfuum aan straatkopers/smouse wat, op hulle beurt, aan die publiek verkoop.

4.1.1 Volg Sipho etiese sakepraktyke?

Gee TWEE redes vir jou antwoord. 1+(2x2) (5)

4.1.2 Verduidelik VYF voordele wat verband hou met die etiese werking van jou besigheid. (5x2) (10)

4.2 Stel SES strategieë voor wat gebruik kan word om stres te bestuur. (6x2) (12)

4.3 Menzi: "Jou besigheid floreer. Jy blyk nie beïnvloed te wees deur die swak ekonomiese toestande nie. Hoe hanteer jy dit?"

Siya: "Dit is net om die nodige eienskappe uniek van ʼn sakeman te hê, ten einde ʼn suksesvolle sakeman te wees."

Verduidelik enige VYF eienskappe waarna Siya verwys. (5x2) (10)

4.4 Identifiseer VYF aspekte van die inhoud van ʼn stigtingsverklaring. (5x2) (10)

4.5 Die moderne bemarker het baie prystegnieke en -strategieë wat gebruik kan word by die bepaling van die prys van ʼn produk.

Verduidelik die DRIE basiese prystegnieke. 3+(3x2) (9)

4.6 Noem enige TWEE voordele van smous-outomate. (2x2) (4)

[60]

TOTAAL AFDELING B: 180

AFDELING C:

Beantwoord enige TWEE vrae.

LET WEL: Dui die nommer van vraag aan. Die antwoord van ELKE VRAAG moet op ŉ NUWE BLADSY begin, byvoorbeeld, VRAAG 5 op ŉ nuwe bladsy, VRAAG 6 op ŉ nuwe bladsy, ens.

VRAAG 5

Die Sahara-familie is van plan om hulle eie maatskappy te begin. Hulle wil nie aandele aan die publiek verkoop nie en wil ook nie op die Johannesburg Sekuriteits/Effektebeurs gelys word nie.

Identifiseer en bespreek die voor- en nadele van die maatskappy wat die Sahara-familie van voorneme is om op te rig en gee ŉ kort uiteensetting van die stigting. **[40]**

VRAAG 6

Die MIV/Vigs-pandemie is een van die grootste sosio-ekonomiese uitdagings in hierdie land en het ŉ geweldige impak op die ekonomie en markte.

As die Besturende Direkteur van ŉ fabriek in Port Elizabeth is jy verplig om ŉ verslag te lewer oor hoe MIV/Vigs jou besigheid affekteer en uitdagings stel. Dui aan watter strategieë die bestuur in plek kan stel om hierdie uitdaging in die werkplek te hanteer. **[40]**

VRAAG 7

Mev. Roji het ŉ wen-idee wat sukses vir haar besigheid sal bring. Dit is moontlik as die besigheid rugbyballe vir die Wêreldbeker van 2011 in Nieu-Seeland kan vervaardig. Sy nader jou vir advies of sy massaproduksie of enkelstuk produksie-stelsel moet gebruik.

Bespreek die TWEE produksiestelsels wat hierbo genoem is en beveel die beste produksie stelsel aan wat Mev. Roji kan gebruik om rugbyballe te vervaardig. **[40]**

VRAAG 8

ŉ Goeie voorbeeld van konsessies/franchise is Nando's-kitskosse. Hulle kom in byna elke stad oor die hele land voor. ŉ Kleinsake-eienaar koop die reg om die goedere en dienste van ŉ groot, goedgevestigde maatskappy te verkoop. Die persoon wat ŉ franchise koop staan bekend as die konsessienemer/franchise-nemer en die persoon wat die regte verkoop is bekend as ŉ konsessiegewer/franchisegewer.

Brei uit oor die inhoud van ŉ kontrak en in jou bespreking sluit die voordele en nadele van beide franchisegewer en franschise-nemer in. **[40]**

TOTAAL AFDELING C: 80

GROOTTOTAAL: 300